



KAMMANUUS

Nommer 324

12 Maart 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Die V-vanne boul ons uit!

Hallo Julle,

Daar pluk ons toe 'n lat vir ons alies! Ek moet dadelik byvoeg dis 'n baie lekker lat. 'n Kweperboomlat wat sommer 'n hele kaboedel kleie laat invlieg het van oral oor die aardbol.

Ons navraag aan al die mense wie se vanne en nooiensvanne met 'n 'V' begin, het wonderlike vrugte afgewerp. Ek het ophou tel toe die getalle oor die sewentig begin trek het en steeds kom hulle in.

Daar was selfs 'n paar wat laat weet het hulle vanne begin nie met 'n V nie maar hulle kan nie wag tot ons eendag by B of G uitkom nie, en skryf toe sommer. Mooi so! Dis wat ons gedurig bly vra: SKRYF VIR ONS! Jy hoef nie te wag vir jou beurt nie!

Daar was kort en bondige antwoorde en daar was langer en lekker skrywes (niks verkeer met die kortes nie, hoor) waarvan ons 'n klompie in elke van die volgende paar uitgawes gaan plaas.

Daarna, as die poskoets begin ligter trek, sal ons aanbeweeg na die volgende letter of groepie letters, so maak maar solank reg vir wanneer ek op jou nommer gaan druk. Vertel ons waarvan jy hou om te lees en wat ons maar kan weglaat.

Kortliks 'n opsomming van ons steekproef. Terloops, wie het opgemerk ek skryf toe per ongeluk die woord steekproef agterstevoor? Ek en Kamermaatjie het gegiggel dat die trane loop toe ek skielik my fout te laat agterkom, veral nadat ek die briefie van 'n leser gelees het wat sê hy kry net 'n klap elke keer as hy 'n meisie vra of sy 'n V is.

Ons kom agter meeste mense lees **Kammanuus** op glas maar daar is tog 'n hele paar wat dit uitdruk om dan lekker langsaam te gaan lees by die huis. Baie stuur ook die nuusbrieffie aan vir familie en vriende. Ons wil net vra dat julle daardie mense aan wie julle dit aanstuur, tog sal aanpor om self ook in te skryf. Veral dié wat dit kan bekostig.

Julle sal moet help!

Net 'n vriendelike en vroegetydige waarskuwing, ek tree een van die dae self af en die getalle lesers skiet nog baie ver kort van my mikpunt om die ding te laat aanhou werk as ek nie meer 'n inkomste gaan hê om al my onkoste met die uitgee van **Kammanuus** te dek nie.

So kom ons help mekaar. As jy die dag lekker lag vir 'n grappie in die nuusbrieffie, stuur hom aan vir 'n maat wat dit nog nie lees nie. Sê: "*Whêla, kyk tog wat lees ek. Kry vir jou ook deur 'n leë epos te stuur aan kammanuus@getresponse.com*"

Dis die soort klein jakkalsies wat gaan help om te keer dat die armoede die lekkerkry **Kammanuus**-wingerd opvreet.

Maar genoeg eers van minder positiewe. Dis tog so vreeslik vleiend en moerse motiverend om te hoor hoe van julle uitsien na nuus vanuit Kammaland.

Dis lekker om te weet ons skep 'n geleentheid waar mense vir 'n kort tydjie die sorg kan opsyskuif en net bietjie saam glimlag vir ons mense en ons taal se eiesoortigheid en die manier wat net óns 'n ding kan vertel.

Die wenner is . . .

Die wenner van die R100 geskenkbewys vir ons V steekproef is **Marie Sweetnam**. Lees die **wenbrieffie** en 'n paar ander in die Poskoets.

Dankie weer aan almal wat die moeite gedoen het om vir ons te vertel waar julle bly.

Groete van Agarob, kind van die duine.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Om die kampvuur

KWINKSLAE



STEVEN WRIGHT

is 'n Amerikaanse komediant, akteur en skrywer. Hy is bekend vir sy trae manier van praat en uitdrukkinglose

kwytraak van ironiese, filosofiese en soms onsinnige grappe.

Hier is 'n paar van sy juweeltjies:

1. Ek sal doodmaak vir die Nobel-vredesprys.
2. Leen geld by pessimiste - hulle verwag dit nie terug nie.
3. Die helfte van die mense wat jy ken is ondergemiddeld.
4. 99% van die prokureurs gee die ander 'n slegte naam.
5. 'n Gewete is wat seer is wanneer al jou ander dele goed voel.
6. 'n Skoon gewete is dikwels 'n teken van 'n swak geheue.
7. As jy 'n reënboog wil hê moet jy eers die reën verduur.
8. Ek het amper 'n psigiese nooi gehad, maar sy het my verlaat voordat ons ontmoet het.

Goeie dinge gebeur vir mense wat


WAG

Beter dinge gebeur vir die mense wat

**DAARVOOR
WERK**

Kan dit waar wees?

- Charlie Chaplin het een keer die derde prys gewen in 'n Charlie Chaplin eenderslykende kompetisie.
- Die gom op Israelse posseëls is gesertifiseerd kosjer.
- Bruce Lee was so vinnig dat hulle die film s-t-a-d-i-g-e-r moes maak - die teenoorgestelde van die norm in rolprente.



Darwin-pryse vir 2011

Die Darwin-pryse vereer die mense wat hulself vrywillig en op die ongewoonste en domste maniere uit die genepoel verwyder het.

DIE WENNER!

In Arizona het 'n hoofwegpatrolië afgekom op 'n hoop smeulende metaal wat in die kant van 'n krans ingebed was.

Dit het gelyk of dit 'n vliegtuig moet wees, maar dit was 'n kar, hoewel onherkenbaar.

Die polisie het later die raaisel opgelos. 'n Amateur vliegtuigtegnikus het 'n JATO-eenheid (Jet Assisted Take Off) in die hande gekry wat in swaarvrag militêre vliegtuie gebruik word om hulle te help opstyg.

Hy het sy Chev Impala in die woestyn uitgeneem en 'n lang, reguit stuk pad gekry, die JATO aan hom gekoppel, spoed opgebou en dit afgevuur.

Dit was ongeveer 8 km van die ongelukstoeel.

Die JATO sou binne 5 sekondes maksimum dryfkrag gekry het.

Die Chev sou ná sowat 25 sekondes 'n snelheid van ongeveer 550 km/h ontwikkel het. Hy het 'n stuk of 20 sekondes op die pad gebly. Toe het die bestuurder sy remme laat smelt en die bande het gebars.

Die kar was vir nog 3 km in die lug voordat hy die krans getref en 'n krater van 'n meter diep gemaak het.

Die meeste van die bestuurder se oorblyfsels het nie oorgebly nie.

VOLWASSE WAARHEDE

- Niks is so goor as die oomblik wat jy besef jy gaan die argument met 'n uitklophou verloor nie.
- Hoe de duiwel vou jy 'n paslaken?
- Ek kan nie die laaste keer onthou wat ek nie minstens 'n bietjie moeg was nie.
- Daar is geen vooraf waarskuwing nie, maar daar kom 'n oomblik by die werk wanneer jy besef jy gaan vir die res van die dag niks produktiefs doen nie.
- Ek het 'n moeilike tyd gehad om die fyn lyn tussen verveling en honger te ontsyfer.
- Ek kyk soms drie keer ná mekaar na my horlosie en dan weet ek nog nie hoe laat dit is nie.
- Daar is geen vooraf waarskuwing nie, maar daar kom 'n oomblik by die werk wanneer jy besef jy gaan vir die res van die dag niks produktiefs doen nie.



Uit die wakies

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Die nuwe Britse vloot is anders

DIE BRITSE VLOOT gaan uit sy pad om te voldoen aan die vereistes van die 21ste eeu rakende indiensneming, gesondheid, veiligheid en menseregte.

Die kraaineste op hul nuwe torpedojaers sal rolstoeltoegang hê. Skerp ammunisie sal vervang word met verfballe om te verseker dat niemand seerkry en 'n eis vir kompensasie indien nie.

Die bemanning se verhouding sal 50/50 mans en vroue wees. Hulle sal net 37 uur per week werk en alle torpedojaers sal toegerus wees met 'n kraamsaal en kinderkamer.

Geen tabak sal toegelaat word nie, maar dagga sal in die offisiërsbak en menasiesale gerook mag word.

Die saluut word weggedoen en vervang met die meer informele "Hello Sailor." Alle inligting sal in 37 verskillende tale en braille wees.

Bemanningshoof nie meer toestemming te kry om snorre en baarde te kweek nie. Dit geld ook vroue.

Daar word gewerk aan die ontwerp van 'n nuwe vlootvlag, omdat die huidige een minderhede kan aanstoot gee. Die Union Jack is reeds nie meer deel van die wit vaandel nie.

(Ons het hierdie storie per e-pos ontvang. Ons is nie seker of dit die waarheid of 'n grap is nie 😊 - Redakteur).

Vierverdiepinghuis brand af in LA



IN DIE suide van Los Angeles het 'n vierverdiepinghuis afgebrand.

Op die eerste vloer was 'n Mexikaanse gesin van ses - almal bendeledede en ondangers van welsyn. Hulle het almal doodgebrand.

'n Islamitiese groep van sewe Keniane wat die welsyn verneuk het en onwettig

in die land was het op die tweede vloer gebly. Hulle het ook almal in die vuur omgekom.

Ses Hispaniërs - almal werklose gewese tronkvoëls op parool - het op die derde vloer omgekom.

Op die boonste vloer het 'n getroude wit man en vrou gewoon.

Hulle het oorleef.

Die volgende dag is eerw. Jesse Jackson en 'n paar van sy soort woedend.

Hulle vlieg LA toe en praat op kamera met die brandweerhoof.

Hulle wil luidkeels weet hoekom die swartes, swart Moslems en Hispaniërs gesterf en die wittes oorleef het.

Die brandweerhoof se antwoord was:

"Hulle was by die werk."

Die heining by die Uniegebou

DRIE kontrakteurs - van Soweto, Pretoria en Benoni - tender om 'n stukkende heining by die Uniegebou te herstel. Hulle gaan saam met 'n amptenaar om die omvang van die skade vas te stel.

Die man van Pretoria haal sy maatband uit, meet en werk iets met 'n potlood uit. "Wel," "ek dink ek kan dit vir R900 doen: R400 vir materiaal, R400 vir die werkspan en R100 profyt vir my."

Die kontrakteur van Benoni gaan deur dieselfde proses, en sê hy kan dit vir R700 doen: R300 vir materiaal, R300 vir die werkers en R100 profyt vir hom.

Die kontrakteur van Soweto meet en bereken niks, maar leun oor na die amptenaar van die Uniegebou en fluister: "R2,700." Die amptenaar is verstom.

"Jy het nie eers die heining opgemeet nie! Hoe kom jy by so 'n groot bedrag uit?"

Die Soweto-man fluister terug: "R1,000 vir my, R1,000 vir jou en ons huur die ou van Benoni om die werk te doen."

"Akkoord!" sê die amptenaar.

En dit, liewe lesers, is hoe dinge deesdae in Suid-Afrika werk 😊



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



Nie almal
het
handvatsels
nodig nie

GEVAARLIKE RIT

Drie gesuipte ouens klim in 'n taxi. Die bestuurder sien hulle is dronk, skakel die enjin aan en sit hom toe weer vinnig af en sê:

"Ons is hier, manne!"

Twee ouens klim uit en sê dankie. Die derde een haak af en gee die bestuurder 'n moerse taai klap, en sê:

"Next time jaag jy nie so vinnig nie. Ons kon almal f-kk-n vrek gewies het!"

NUUSBERIG:

In Amerika het 'n kaal man 'n brandweerwa gesteel. Miskien het hy gedink dit het 'n beter slang as sy eie?

SLIM SKOOLJUFFROU

'n Baie skerp juffrou leer die name ken van die kinders in haar nuwe klas.

"En wat is jou naam, vra sy aan die eerste kind.

"Dawid, Juffrou."

"O, die man wat vir Goliath verslaan het," sê die juffrou.

"En wat is jou naam, vra sy aan die tweede kind.

"Johannes, Juffrou."

"O ja dit was een van Jesus se dissipels," sê die juffrou.

Die derde kind is 'n, baie voorbarige, moedswillige en halsstarrige kind:

"My naam is Poepies, Juffrou, en dis nie in die Bybel nie!" sê hy.

Maar die juffrou kon vinnig op haar voete dink, en sê:

"Regtig? Hoe pragtig is dit nie! Ons het 'n agterkleinkind van Gat in die klas!"

BLONDIE

Baas: "Weet jy wat is ons besigheid se leuse?"

Blondine: "Ja, STOOT."

Baas: "Waar de hel kry jy dit?"

Blondine: "Dit staan op die voordeur."

MISLUKTE AANSLAG

Die vrou is verveeld met die pret-kant van haar huwelik, en besluit om 'n beroep op manlief se instink te maak.

Hy sit en lees koerant met sy bril op sy neus. Sy gaan sit oorkant hom sonder 'n broekie aan, in 'n baie kort somersrokkie.

Kort-kort kruis sy haar bene baie strate-gies sodat pappa niks kan miskyk nie.

Hy blaai rustig rond in die koerant en vra in 'n stadium in 'n stadige, diep stem, so asof hy steeds hard konsentreer op dit wat hy lees:

"Is jy kaal onder daai rok?"

"Ja," sê sy in haar seksieste, hees stem.

"Dankie tog," sê hy. "Ek dog jy het op die kat gaan sit."

LUISTER GOU-GOU HIER:

As ek ooit sou wegraak, moet asseblief nie my foto op 'n melkboks plak nie.

Plak dit eerder op 'n bottel wyn of brandewyn of enige ander drankbottel. Die mense wat my ken drink nie melk nie.

(Dankie, Rita van Lill.)

PEANUTS deur Charles Schulz





Duskantlander in Anderkantland

Ek toets 'n Noor in Afrikaans

**Erney Breytenbach eksamineer 'n Noorse seun
in haar moedertaal – in Noorweë**

In die middel negentigs het ek as eerste sekretaris (ek kan tik) by die S.A. ambassade in Oslo, Noorweë gewerk. Op 'n dag word ek gesê dat die Noorse Onderwysdepartement op die lyn is en met 'n persoon wil praat wie se eerste taal Afrikaans is. Ek die enigste beampte by die Ambassade wie se eerste taal Afrikaans was.

'n Persoon van die onderwysdepartement word toe na my deurgeskakel en ná die gewone formaliteite van identifikasie en 'n kort geselsie oor die weer, word eerstens word geverifieer dat ek 'n Afrikaanssprekende diplomaat verbonde aan die Suid-Afrikaanse ambassade is en dat ek vir die volgende klompie maande nog by die Ambassade werksaam sal wees.

Na my "sekerheidsklaring" vra die persoon of ek 'n eksamen vraestel vir 'n 15-jarige leerder (Graad 9) in Afrikaans kan opstel. Ek moet dit voorlê vir goedkeuring en nadat die leerder die vraestel beantwoord het, die vraestel sal merk en alles dan weer aan hulle oorhandig. In dieselfde asem word gesê dat ek volgens hulle vasgestelde tariewe vergoed sal word.

Die beampte sê al wat hy weet is dat die leerder se ouers vir 'n klompie jare in Suid-Afrika woonagtig was en hoewel hy in 'n Engelssprekende skool was, hy Afrikaans as vak geneem het en baie van die taal gehou het. Met sy terugkeer na Noorweë het die student met Afrikaans as derde taal in sy plaaslike skool voortgegaan, hoewel hy geen formele onderrig in Afrikaans ontvang het nie. Die beampte het verder gesê dat die onderwysstelsel in Noorweë toelaat dat 'n leerling enige taal onder die son as 'n derde of vierde taal op skool kan neem en dat dit die plig van die Onderwysdepartement is om 'n leerling in 'n vreemde taal te eksamineer.

Die Nordiese tale (Noors, Sweeds en Deens) soos o.a. Nederlands en Afrikaans is 'n afstammeling van die Germaanse tale en daar is soms ooreenkomste in woorde en uitspraak. Moet egter nie dink dat as jy met 'n Noor Afrikaans praat en hy of sy met jou Noors praat julle mekaar sal verstaan nie. "God kveld, kan jeg kjøpe en øl." ("Goeidag, kan ek vir jou 'n bier koop?")

Hoewel die beampte my hoegenaamd geen inligting oor die peil van die leerling se Afrikaans kon gee nie, het ek ingewillig om "Afrikaans-onderwyser" te speel.

Ek het my suster op my tuisdorp in die Wes-Kaap gebel en gevra of sy vir my 'n paar Afrikaanse vraestelle vir 'n 14-jarige (Graad 8) leerling by die Afrikaanse onderwyser kan kry en sal aanstuur. 'n Paar weke later het ek twee Afrikaans Eerste Taal vraestelle deur die diplomatieke possak ontvang. Ek het op Graad 8 vraestelle besluit omdat dit in die eerste plek Afrikaans Eerste Taal is en die Noortjie darem nie oor dieselfde kam as sy eweknie in 'n Afrikaanse skool geskeer kan word nie.

Ek het die twee vraestelle gekombineer, die struktuur en uitleg behou, my vraestel opgestel en met 'n gepaardgaande antwoordstel aan die Departement gaan voorlê. Die beampte het my 'n paar dae later gebel en gesê die uitleg van die vraestel lyk goed, hoewel hulle geen idee van die inhoud het nie.

Sowat 'n maand later was die antwoordstel op my lessenaar. Ek het vinnig deur die skrifte gegaan om 'n idee te vorm van die leerder se peil en gou agtergekome sy begrip van Afrikaans was redelik goed. Ek was beïndruk met veral sy spelling en hoewel die sinskonstruksie bietjie met Noors vermeng was, kon ek sy antwoorde en skriftelike werk maklik lees en verstaan. "Meester" het vir die kandidaat 80% gegee.

Die betaalslag was minder maklik, want ek moes 'n sosiale sekuriteitsnommer hê, wat ek nie het nie. As diplomaat was ek nie belastingpligtig nie, en ek het die betaling van die hand gewys. Maar in Noorweë word alles korrek gedoen. Ek moes 'n paar goed onderteken, en 'n paar weke later het ek my tjek gekry – sonder dat ek bebaas is en sonder in ss-nommer en nadat die tjek tot by die minister vir ondertekening gaan draai het.

Kroegtoertjie

'n Veesmous stap by 'n kroeg in met 'n makgemaakte krokodil.

Hy sit die krokodil op die kroeg se toonbank neer, draai na die verbaasde gehoor en sê:

"Ek wed julle: Ek gaan die krok se bek opmaak en my kroonjuwele daarin sit. Hy sal dan sy mond 'n minuut lank toemaak. "Dan sal ek my kroonjuwele onbeskadig uithaal. In ruil hiervoor moet julle elkeen vir my 'n bier koop."

Die skare het hul instemming gegee en die man staan op, laat sy broek sak en maak soos hy gesê het.

Die krok maak sy bek toe. Die skare snak.

Ná 'n minuut gryp die man 'n bierbottel, slaan die krok oor sy kop en haal sy onbeskadigde eiendom uit sy bek.

Die skare juig, en die eerste rondte bier word afgelewer. Toe staan die man weer op: "Ek sal enigeen wat wil probeer R500 gee."

Stilte daal neer. Ná 'n rukkie steek iemand agter in die gehoor haar hand op, en 'n skaam blondine sê:



"Ek sal probeer. Maar moet my asseblief nie so hard met die bierbottel slaan nie."

**Ek is net
verantwoordelik vir wat
EK SÊ
- nie vir wat jy
VERSTAAN NIE**

Britse humor

Die volgende advertensies het werklik in die Britse media verskyn:

GRATIS YORKSHIRE TERRIËR
8 Jaar oud.
Haatlike klein stront.
Hy byt.

GRATIS HONDJIES
Ma is 'n geregistreerde Duitse Herdershond.
Pa is 'n superhond. Hy kan oor baie hoë heinings spring.

GRATIS HONDJIES
½ Cocker Spaniel.
½ Buurman se agterduimse brak.

KOEIE EN KALWERS – NOOIT MEE GETEEL
Ook te koop: Een moffie bul.

EK SLUIT AAN BY
NUDISTEKOLONIE
Moet dringend wasmasjien en tuimeldroër verkoop.

TROUROK TE KOOP
Een keer per ongeluk gedra.
Skakel Stephanie.

TE KOOP VAN EIENAAR
Volle stel van 45 Encyclopaedia Britannica boeke.
Puik toestand.
R2000 of naaste aanbod. Nie meer nodig nie, het getrou, vrou weet alles.

Kennisgewing in 'n eetkamer

Dankie dat jy die eetgerei huis toe geneem het om te was. Jy kan dit nou maar terugbring.

GRATIS!

Strokies papier
Help jouself

Nota in 'n kantoor

Ek gee nie om om werk toe te kom nie.
Ek haat net die agt ure wat ek hier moet sit.



Deel 14

Die spook van Ondangwa



DIRK BOSHOFF

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog van die onder-
vinding wat hy en sy maats met 'n spook gehad het.

Ek het nie sommer mense se vertellings geglo as hulle my vertel dat hulle spoke of geeste gesien het nie. Selfs al het ek geweet dat die persoon iemand is wat ek weet nie leuens vertel nie, sou ek vir myself sê dit is moontlik waar, maar die persoon het homself dalk verbeel of 'n droom gehad wat hy/sy as werklik aanvaar het.

Die man in my verhaal se bynaam was Kaas. Ek weet nie waar hy dit gekry het nie, maar hy was amper 'n uitgeworpene op die grens. Hy't min vriende gehad en sou alles doen om aanvaar te word of om 'n vriendskap aan te knoop. Hy't 'n swak selfbeeld gehad.

Op 'n Saterdagmiddag laat het ek, 'n vriend van my en nog 'n vriend besluit ons gaan náons skof 'n bietjie swem. Dit was baie warm.

Ons het net so tien tree op die teerblad gestap toe drie ander soldate geskree het en na ons kant toe gehardloop het. Een van hulle het ons meegedeel dat hulle 'n spook in die gastehuis gesien het.

Dit was toe amper agtuur. Daar was in daardie stadium niemand in die gastehuis nie. Ons het al ses deur die venster van die sitkamer-area gekyk, met ons hande weerskante van ons oë om enige weerkaatsing teen die vensters uit te sluit.

Ek self kon nie dit regkry om my gesig en hande teenaan die venster te sit soos die ander nie. Ek was te bang ek gaan dalk rêrig iets sien.

'n Mislug wat sekere dele van die area waar ons beweeg het, het aangegaan. Hy het 'n dowwe geel lig uitgestrooi. Nie een van ons kon op daardie oomblik iets sien nie en ek kon die hoedervleis op my lyf voel.

Ek het iemand hoor fluit: Die eerste reëltjie van 'Stille Nag, Heilige Nag' ...

Ná sowat 'n minuut het ek vir die ander drie jong manne gesê dat hulle nonsens gepraat het en begin wegstap van hulle af. My vriende het my gevolg.

Die ander drie het so 20 meter saam met ons gestap en ons probeer bly oortuig dat hulle wel 'n spook gesien het. Ek het ook iemand hoor fluit: Die eerste reëltjie van 'Stille Nag, 'Heilige Nag.

Ek het nie notisie daarvan geneem nie en aanvaar dit is iemand wat maar so loop en fluit. Die drie jong manne het ons verontwaardig agtergelos en hul eie rigting ingeslaan.

Ons het aangestap en by bomskuiling verby gestap. Ek het omgedraai en in 'n grap (so ernstig as wat ek kon) vir my vriende vertel dat daar nou net 'n spook in die bomskuiling ingegaan het. Dit was seker maar om my eie vrese te verbloem.

Hulle wou my nie glo nie en ek het alles probeer om hulle te oortuig dat ek wel iets gesien het. In die spesifieke area kon die mislug nie skyn nie vanweë die hoek waar die lig skuins agter die bomskuiling gestaan het.

Skielik het Kaas al skreënd uit die bomskuiling gehardloop. Ons het onself in 'n ander bloedgroep ingeskrik. Sy plakkies wat hy aangehad het, het verstrooid om ons gelê. Klaas het toe vertel: "Ek het van die muurbalbaar af gekom en besluit om kortpad te neem deur die bomskuiling na ons kwartiere.

"Dit was pikdonker in die bomskuiling toe ek deurstap. Iemand het my gevra om sy sigaret vir hom aan te steek. Hy't in die hoek binne die bomskuiling gestaan. Ek het my *lighter* uitgehaal en vuur getrek.

Toe die bomskuiling verlig was, kon ek niemand sien nie. Ek het so groot geskrik dat ek uitgehardloop het."

Die verhaal hervat volgende keer.

Om in die weermag te wees, is soos om in die Boy Scouts te wees. Die Boy Scouts het net volwassenes wat toesig hou.

~ Blake Clark



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte

(Somaakmens resep van 8/1/82 ingestuur deur mev. Judy Grobler van Stilfontein.)

Sjokolade laagkoek.

1½ k melk 2 k meelblom
 1¾ k suiker 5 eiers
 2 e botter 4 e kakao
 2 e fyn appelkooskonfyt
 4 gelykvol t bakpoeier

Klits eiers en suiker saam tot lig en donsig. Sif meel en kakao tesame.

Kook melk en botter saam.

Roer konfyt by eiermengsel in.

Sif droë bestandele – behalwe bakpoeier – daarby in en meng deeglik.

Roer warm melk mengsel daarby in.

Sif bakpoeier bo-oor en vou liggies in. Moenie te veel roer nie.

Bak in twee gesmeerde laagpanne vir 25 tot 30 minute in matige oond. (180 °C.)

Haal koeke uit oond, laat afkoel op draadrak en sit lae opmekaar met konfyt tussenin en versier verder met 'n sjokolade botterversiersel.

STAMBOOM

BEZUIDENHOUT kim.otto@live.com.au

Ek soek graag inligting oor die Bezuidenhout-familie. My ouma Johanna Jacoba Susanna (neé Bezuidenhout) Van Gass gebore 2 Aug 1926 en oorlede 3 Sep 1971. As iemand my kan help sal ek dit baie waardeer.

BRAND wiidmonica40@gmail.com

Soek na my familie in Wes-Kaap. Ek is gebore in 1940 het skoolgegaan op worcester. Ek is doofstom en woon tans in Brakpan.

CRONJE hesterv@sublime-sic.com

FOUCHE dfouche823@gmail.com

FOURIE nlfourie@telkomsa.net

Soek meer oor Louis Petrus Fourie gebore 11/11/1892 te Albertweg, getroud met Maia Anna Katrina Elizabeth Petzer geb 5/6/1902 in Oos-Londen.

GILMER vaal_admin@lasport.co.za

21 Mei 1952

JANSE VAN RENSBURG hesterv@sublime-sic.com

JANSE VAN RENSBURG ritavnzl@gmail.com

Ek is op soek na my oupa Cornelis Petrus en sy pa. Cornelis Petrus was getroud met Elsie Magdalene, 'n nooi Barnard. Hulle was van Marikana-distrik, Rustenburg. Sy pa kon Hendrik gewees en hul grootoupa was die tweede president van die ZAR.

JONKER hjfourie100@gmail.com

Ons soek A.J. Jonker (Adolf Johannes) van Potchefstroom se nageslag, getroud met Maria Jacoba Raath. Noemnaam Ouma Stompie.

OLIVIER slabbert.ria@gmail.com

Ek soek meer info oor Jan Tielman en Susanna Isabella Lotz wie se dogter, Anna Maria Elizabeth, in 1889 in Ladysmith gebore is.

ROBBERTS elzchen@absamail.co.za

My oumagrootjie, Johanna Elizabeth Hendriena Berrendiena van Rooyen is nêrens te vinde nie. Sy is getroud op 7 april 1877 met Jacobus Johannes Christoffel Robberts. Ek het al sy inligting, sy word oral genoem maar kry geen informasie oor haar nie. Hulle het in Amersfoort-distrik op Ermelo gewoon.

SCHOEMAN kanie66@gmail.com

SPIES bens@myconnection.co.za

VAN DER WESTHUIZEN hesterv@sublime-sic.com

VAN JAARVELD braamvj@absamail.co.za

Addisioneel: Beoog om al die van Jaarsveld families in Suid Afrika op te teken!

VAN NIEKERK kanie66@gmail.com



POSKOETS

Kammanuus se lesers
aan die woord

Hier is 'n paar van die horde V-van briefies wat ons ontvang het. Baie dink sy's 'n man!

Corne van Huyssteen, Onderstepoort:

Ek is Van Huyssteen gebore en getoë in Pretoria, nog nie die mal perd opgesaal om 'n kamermaatjie aan te skaf nie. Vanweë my naam dink baie mense ek is van die manlike spesie dus het dit nogal baie verleenthede veroorsaak vir besoekers of telefoniese gesprekke wat navraag doen oë my. Natuurlik tot groot vermaak vir my en die versekering dat ek nie aanstoot neem nie.

Ek word die maand 40 en het 'n dogter van 18 wat verlede jaar gematrikuleer het. Tans is sy deel van die statistieke as werklose matrikulant wat werk soek sodat sy haar droom om argitek te kan word kan verwesentlik.

Ek werk voltyds by 'n dieregesondheid navorsingsinstansie. Ek werk meestal met die aanstelling van maatskappye vir konstruksie- of instandhoudingswerk, tenders en kontrakte, dan natuurlik hoof van die algemene aankopers en store.

Ek lees meeste van die tyd **Kammanuus** op glas, maar druk hom ook uit vir die mense tuis. Ek geniet die leesstof al kry ek nie altyd tyd om alles te lees nie. As ek aanstuur is dit vir ongeveer 15 vriende / vriendinne.

Ma met 'n kind wat alles weet

Lynette V(S)wanepoel, Randburg:

Ek het hard probeer om 'n V-van in my stamboom te kry, maar dit wou net nie. Ek gaan nou maar met V(S)wanepoel. Ons bly in Randburg. My man is Phillip en ek doen navorsing oor die Opperman-familie. (My Groot-Groot Oupa het 18 kinders gehad, het ek onlangs ontdek.)

Ek het ook 'n vaste werk, maar dit *interfere* met my familienavorsing. Gelukkig werk ek van die huis af en kan prioritiseer soos ek wil. (Soos om deurnag te werk as nodig.)

Ek het nog 'n kind op skool. Matriek. Sy is baie slim en ek vermoed dat sy dink ek kan nie meer vir myself dink nie. Daarom weet sy alles. Sy is ook hoofmeisie, so die leierseienskappe is baie "sterk"

Ek het nog net een Kammanuus ontvang, is nuut. Ek het dit op glas gelees en vir die familie vertel.

Sy wil Kammanuus nie deel nie

Nedene van Rooyen, Nylstroom:

Ons woon in die magtige stad Nylstroom, 130 km Noord van Pretoria in die pragtige blou-blou Waterberge. Ons is 'n gelukkige gesinnetjie van vier: ek, my man Seun, en dogters Monique en Angelique. Ons is geseënd met 'n kleinding wat op pad is op die 3 November.

My man is 'n voorman by Raubex Construction en werk tans nog aan die pragtige teerpad wat gebou word tussen Rundu en Ondangwa. Ek is personeelkierk by Modimolle Local Municipality.

Ek lees baie graag my **Kammanuus** op glas, want ons word daagliks daaraan herinner om papier te bespaar en die omgewing "groen" te maak. Ek geniet veral **Agteros** en dan ook julle **lekker resepte**. Die nuus is interessant en uniek, mens lees dit net in Kammanuus!

Die aanstuur gedeelte het ek nog nie by uitgekom nie. Ek geniet Kammanuus nog te veel om dit te wil deel! Kammanuus elke maand maak my spesiaal voel. Dit is uniek en eg Afrikaans.

Dankie vir 'n baie lekker en interessante nuusbladje!

Pensioentjie sukkel maar

Julie Jansen van Rensburg, Kemptonpark:

Ek is 'n 77-jarige weduwee wie se dierbare man my op 4 Mei 2010 ontval het. Het toe nog in Durban gebly, maar toe seg die kortvolk ek moet maar liever hier na hulle blyplek in Kempton Park kom omdat my seun en jongste spruit hulle in hierdie kontrei bevind. Seun se vroujie het hom twee maanda ná Rudolf ontval - albei slagoffers van kanker, en toe trek hy maar hier by my in. My oudste is nog in Natal - werk in Durban en bly so halfpad tussen Durban en Pietermaritzburg. Ek moet sê dat ek regtig van Kempton Park hou - hier is nog groot oop ruimtes. Die hele Oos-Rand is baie oop vanweë die baie moerasagtige gebiede wat seker 'n fortuin sal kos om die droog te lê en te ontwikkel.

Jy het seker van my eerste paragraaf afgelei dat ek ook 'n pensioenaris is - een van die sowat 80 000 oud-'spories' wat sukkel om op die uiters karige pensioentjie 'n

bestaan te maak - ek, as weduwee van 'n man wat veertig jar lank in die werkswinkele was, kry maar 70% van sy pensioen, maar ek is ook dankbaar dat my kinders ook uithelp, anders sou ek nie geweet het waarmatoe nie.

Ek geniet die Kammanuus, maar stuur dit nie juis aan nie, want daar is bitter min Afrikaanssprekendes onder my internetvriende -en familie! Doe so voort - ek sien uit na elke uitgawe!

Vrye tyd? Wat ek waar kry?

Johan van der Poel, Randburg:

Ek is getroud met Carolina. Is al die afgelope 19 jaar pensionaris en probeer kliphard om nie 'n finansiële las te word vir ons kinders Martin en Linda nie.

Vrye tyd? Ek weet nie waar ek vroeër tyd vandaan gekry het om daagliks te gaan werk nie. Take is natuurlik vandag meer kompleks as vroeër en neem meer tyd in beslag. Selfs om te hoor wat gesê word verg al inspanning.

Genealogie sluk groot gedeeltes van my dag en nag in. Die nasate van Pieter van der Poel het gewoel en dan is dié van hulle wat nog asem haal snoep met inligting rakende hulle familiesamestelling.

Nieteenstaande die skaamte of gebrek aan belangstelling glo ek dat ek nogtans die grootste stamboom het van ons familie, nie dat ek weet wat daarmee gaan gebeur as ek ingespit word nie. Carolina sê nie verniet dat dit onnodige inspanning is nie maar nou ja ek wil my ook nie laat voorsê nie en kyk maar noord.

Ek stuur **Kammanuus** elke keer na ten minste vyf van die van der Poele wat in SA gebore is maar hulle nou op 'n ander vasteland bevind - nie elke keer na dieselfde mense nie. Ons familienaam is noual verteenwoordig op elke vasteland wat ek ken, selfs Australië nou dat 'n kriminele rekord nie meer 'n vereiste is vir toelating nie.

Op die rekenaar kan ek ctrl + en met meer gemak Kammanuus van hoek tot kant lees. Jy weet natuurlik ek lieg met die van hoek tot kant want ek bak en brou nie.

Hierdie vrou is bésig!

Marie Sweetnam, Kleinmond:

Ons woon hier in die kusedorpie KLEINMOND, so omtrent 120 km vanuit Kaapstad en sowat 38km van Hermanus af. Wat doen ek? Ek doen ALLES wat my hand vind om te doen. (Nie in volgorde van die belangrikste nie.)

Maak tuin en kweek plantjies vir verkoop vir ons beplande Ouetehuis

Versorgingseenheid. Kook baie jêrn vir dieselfde doel. Het nou al 13 dubbelbed komberse vir die 4 Kinders en 9 Kleinkinders gebrei, en doen bietjie naaldwerk,

Hou ons aftreehuis skoon en aankant met al die nodige werk daaraan verbonde.

Doen my deel van Sosiale Diens sover energie en finansies toelaat, nuwe projek is om Ouma te wees vir die 21 VerstotelingKinders in die Kinderhuis. In die dorp en gee nou elke maand 'n klein partytjie en klein geskenkie aan elkeen wat verjaar. Groot genot vir almal!

Bedel onbeskaamd en versamel klere en huisgoed vir die wit plakkerskamp in Ruyterwag in die Kaap, en sorg dat dit daar uitkom vir verspreiding.

Skryf BAIE briewe op die komper vir ALMAL wat graag briewe wil ontvang, veral aan ons landverlaters wat nou in ander lande kwyne oor landsnuus.

Lees daagliks my koerant van hoek tot kant - net nie advertensies nie- en skryf dan briewe om dinge te weerlê of saam te stem. Kommentaar.

Skryf dikwels artikels van belang, of interessant en amusant, of kritiek op iets vir ons plaaslike nuusblad *Overstrand Herald*.

Gaan Sondae kerk toe en doen my deel by die kerk se Damenskring - Lid van die Kerk Blommerooster en die Gebedssirkel.

Hou kontak met familie oor die hele land en die res van die wêreld waar hulle ook al is,

Werk aan die familiestamboom van Steyn-Faul voorgeslagte - 'n moewiese gespartel om dinge uit ou familie uit te kry! Skryf aan my eie lewensverhaal - amper daar!

Hou my man, Ray, geselskap en gesond met al my kruie- en gesondheidskennis, en 'n daaglikse stappie om die blokke - en myself ook.

Ag nou ja - as daar nou nog enige uurtjies of tyd oor is, dan lees ek 'n bietjie - op my rug op die bed - meestal van 11 nm tot 12 middernag. LIG UIT!

My man is my enigste lid van die gesin nou saam met my, maar ons jongste dogter en seuntjie woon net so 22 km weg - ons besoek hulle baie. Ons albei lees **Kammanuus** op ons kompers.

Ek stuur dit vir niemand aan nie, aangesien ek bewus is daarvan dat mense mos 'n footjie moet betaal om dit te ontvang, en ek wil nie die vereiste onderskep en benadeel nie.

(Hygend hert, Marie - jy laat 'n mens na asem soek! Dis goed dat daar nog sulke gesonde omgee-mense is. Jy kry die R100-geskenkbewysie van Kalahari, ons hoop net jy het tyd om 'n leesdingetjie daar aan te skaf en te lees.)



AGTEROS

Net voor uitspantyd

'Dis deur my bek dat ek hier lê.'

"Die werker sweer naderhand hoog en laag dat hy die waarheid praat en die boer kan kom kyk."

Deur JAN SENEKAL

Tag, maar die veld is vol hierie jaar. Ek moet weer die perd opgesaal kry saam met Jonas en so bietjie na die buitekampe gaan kyk. Ons kom loop so saam en gesels oor die skape wat aan 't wei is in die bo-kamp.

Hy vertel my van die kampe wat so goed dra hierdie jaar. Sê die fontein in die bergkampie stoot ook nog mooi watertjies. In die leegtes is die plante nog vol groenigheid, al is die waterjies al dieper in die rivierbeddings se lope weggesak.

Met die loop in die droë rivierbedding, tel ek 'n mens se kopbeen op. Net toe kom vertel Jonas my mos hierdie storie van 'n ander boer se handlanger wat ook in die veld na die skape gaan kyk. Hy is mos die een wat moet weet wat in elke kamp aangaan, en dan weer terugvoering gee van drade en skape. Veral die rooikatte kan soms 'n neukery word.

Die jong loop toe ook reeds so in die leë rivierbedding af. Ook nie lank nie, toe kom die man op 'n mens se kopbeen af. Hy is al moeg geloop en weet hy moet nog wikkell om die opstal te haal voor middagete. Hy gee die kopbeen so een skop sodat die ding eenkant toe rol uit sy pad uit. Die kopbeen land tog te mooi op sy nekgedeelte sodat hy nou so reguit na hom kyk.

Martiens mik nog so om aan te loop, toe praat die kopbeen. "Dis deur my bek dat ek hier lê," sê die kopbeen.

Die plaaswerker skrik hom lam. Toe hy darem weer so effe tot verhaal kom, antwoord hy, "Ag vir wat sil jy my nou so laat skrik, jou bleddie kopbeen."

Die kopbeen antwoord toe so ewe: "Dis deur my bek dat ek hier lê."

Hierdie keer is die jong nie so vol skrik nie en sê: "Ag sie jy jou bek hou, jou dooie kopbeen."

Maar die kopbeen antwoord weer net: "Dis deur my bek dat ek hier lê."

Nou ja, teen hierdie tyd is die petalje nie meer snaaks vir hom nie en hy sê: "Ek gaan die boer vertel van jou se mallyheid wat jy so praat. Wat vir 'n dooie kopbeen kan nou praat?"

Waarop die kopbeen net weer antwoord : "Dis deur my bek dat ek hier lê."

Hy sit toe reguit af na die plaashuis op 'n drafstappie want hierdie gedoente is nou nie wat hy elke dag so in die veld kry om te vertel nie. Aangekom by die boer wat besig is om die skape te dip, vertel hy hom van die kopbeen wat met hom praat in die droë leegtetjie.

"Is jy gesuip of het jy te lank in die son geloop, Martiens?" snou die boer hom toe.

"Nee, dis waar. Ek kom uit die rivierleegte en toe skop ek die kopbeen raak. Toe praat hy met my."

Die boer gaan aan met sy werk en is nie beïndruk nie.

Die werker sweer naderhand hoog en laag dat hy die waarheid praat en die boer kan kom kyk. Hy kan selfs sy roer saamvat en indien hy lieg kan hy hom maar doodskiet. Hierop antwoord die boer toe uiteindelik dat hy maar sal gaan kyk, maar as Martiens vir hom lieg, dan skiet hy hom sowaar.

So gaan haal hy toe sy geweer en hy en Martiens stap die klomp myle na die leë rivierleegte. Daar aangekom, is die kopbeen ook net daar waar hy hom gelos het. Martiens se ook sommer dadelik vir die kopbeen om te praat. Maar die kopbeen is so stil soos die graf.

"Praat, jou simple kopbeen. Wil jy nou maak asof ek lieg? Sê nou jou sê."

Maar die kopbeen is stil.

Weer probeer Martiens die kopbeen kry om te praat, maar dié maak geen geluid nie. Die boer sê toe nee, jy wil mos my tyd mors en ek het jou belo' ek skiet jou as jy vir my lieg. Met dit vat hy sy geweer en skiet Martiens net daar dood. Hy begrawe hom ook sommer.

So met die omdraai om huis toe te loop, hoor hy hier kort agter hom: "Dis deur my bek dat ek hier lê."

FLUIT! FLUIT!
Sien julle weer op 26 Maart.